**11 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 21:28-32**
**Fokusgedeelte: Matteus 21:31-32**

## Om te hoor én te doen

Hoe gehoorsaam is ons aan die Here wanneer Hy iets van ons vra? Soos 'n pa wat vir sy seuns vra om vir hom 'n werkie te doen, so vra die Here ook vir ons om Hom as ons Koning en Here te dien. Maar dikwels is ons dan ook 'n seun wat sê "Goed, Pa", maar nooit sover kom om dit te doen nie. Die Joodse leiers het voorgegee om gehoorsaam te wees, maar dit was bloot net lippediens. So is daar ook vandag mense in die kerk wat saamstem met wat die Woord sê, maar wat nooit sover kom om dit wel te doen nie. Hulle klink gewillig en lyk gewillig, maar is nooit gewillig om werklik iets te doen nie. Vir hulle is dit goed genoeg om bloot maar net lidmate in die kerk te wees.
Daarop sê die Here Jesus vandag vir ons dat ware geloof nie net is om saam te stem met die Woord nie, maar om jouself te verloën en God se wil te doen. Van nature is ons soos die tollenaars en prostitute wat "nee" sê wanneer die Here ons roep en dan in ons sonde voortleef. Maar deur die prediking van die evangelie bring die Heilige Gees ons genadiglik tot berou en inkeer, sodat ons ook dankbare daders van die Woord kan word.
Laat ons daarom nie God en onsself probeer bedrieg deur net voor te gee dat ons gehoorsaam wil wees nie. Onthou, 'n geloof wat nie tot dade oorgaan nie, is dood (Jak. 2:17). Kom ons doen wat ons Koning en Here van ons vra en leef as troue diensknegte in sy koninkryk.

*Sing: Psalm 84:6 (1936)* *Ds. RP Gouws (Newcastle)*